NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

31 Mei 2019
Nr 18/2019

Warmnuus

Kruise by Sinodehuis

Die beeldhouwerk wat destyds by die Sinodale Sentrum in Visagiestraat gehuisves was, is na die verkoop van die sentrum in kratte gestoor. Hierdie beelde het verlede jaar 'n tuiste by die Sinodehuis gevind. Die bekende beelhouer, Sanna Swart, het die inisiatief geneem om drie kruise te maak uit die hout waaruit die kratte gemaak was.
Kom kyk gerus self na die besondere kunswerke en geniet 'n koppie koffie by die Sinodehuis.

Het jy al gehoor?

Nuwe behuising vir seniors
Die eerste drie wooneenhede by AcaDeo (voorheen Emmarentia Geldenhuys kampterrein) buite Bela-Bela, is voltooi.
[**Kliek hier vir volledige inligting**]

Sinodenuus

Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:

- ***4 Junie:*** *Geen byeenkoms nie!*
- ***11 Junie:*** Spreuke 8
- ***18 Junie:*** *Inligting word later deurgegee*
- ***25 Junie:*** 2 Konings 2

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Survivorkamp: vir alle graad 8 en 9's te Badseloop)

Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer. Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf ***17 Junie tot 21 Junie 2019*****.**
Die koste vir die kamp beloop **R750** per persoon.

- **Kliek hier** vir die volledige **inligting** asook vir die **inskrywingsvorm**. [Sluitingsdatum ***7 Junie***]

❖ **Excelsus kursusse: Mei en Junie**
[Kliek hier **vir die volledige inligting asook vir die res van die jaar se programme}** - **Navrae**: *Sentrum vir bedieningsontwikkeling* UP, by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za.

10–12 Junie: Sertifikaat in Bedieningsvernuwing – *Kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening* Module 8: Oor erediens en prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel [3e groep] 30 VBO-punte. Kliek hier vir die volledige inligting…

Kolleganuus

❖ **Baie geluk**
Fouché en Marina de Wet [Imagine] het 'n dogtertjie ryker geword.

❖ **Bevestig**
Antje du Plessis [proponent] word op Sondag ***2 Junie*** by Brits as leraar georden.

❖ **Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone:***
04/06 *Alwine Strauss* [Kameeldrif, 084 585 8595, straussalwine@yahoo.com]
05/06 *Peet Venter* [Potgietersrus-Oos, 084 513 1462, phventer@mweb.co.za]
07/06 *Louis Pretorius* [Naboomspruit, 072 394 6097, loupret@telkomsa.net]
10/06 *Leon van Heerden* [Emeritus, 083 660 1803, leonvh1600@gmail.com]
****
07/06 *Roné van Rooyen* [Messina, 015-534 2022, alvanrooyen@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae: *Baie geluk!***
Harare [Gestig 28/05/1901]
Northam [Gestig 31/05/1941]
Pretoria [Gestig 07/06/1854]

❖ **Florauna: Kantoorspasie te huur**
Indien u belangstel om kantoorspasie op die kerk se perseel te huur, is u welkom om met Wanda Pieters te skakel vir meer inligting. Sel: 067 136 7585; E-pos: kantoor@ngkflorauna.co.za

❖ **Noordoos-Pretoria: Nuwe e-posadres**
Neem asseblief kennis dat die gemeente se e-posadres verander het na: nospta@gmail.com.

❖ **Haakdoorn: Plaasfees**
Datum: ***8 Junie*** vanaf 09:00
Navrae: lisa.uys@nghaakdoorn.co.za [GPS: 25°36'11"S 28°09'42"O]

❖ **Monumentpark: Excel beginnerskursus - *ten bate van MonCare en die Gemeente Monumentpark***
Datum: Maandag ***24 Junie*** van 8:00 tot 13:00
Plek: Jeugsaal NG Gemeente Monumentpark – Ingang by Hek 2
Koste: R650.00
Bring jou eie skootrekenaar met MS Office geïnstalleer met Excel saam. Opleiding deur gesoute professionele persone.
➢ **Indien jy belangstel**: Kontak die gemeentekantoor by 012 460 5109 of nelmarie@ngkmp.co.za.

❖ **Mootvallei: Pretweek vir laerskoolkinders - Kinderkerk; Boeresport; Gesigverf; Buite-speel; Sport; Kunsaktiwiteite... ens.**
Waar: Hier by die gemeente! Ons voorsien ontbyt en middagete, veilige toesig, noodhulp en vriendelike personeel!
Wanneer: Maandag ***1 Julie tot*** Woensdag ***3 Julie*** – 08:00-14:00
Wat moet jy saambring? R50 per kind vir die hele Pretweek.
Wie moet jy bel? Sê vir Jan-Mari (071 687 0357) of ds Landi (079 182 2387) as jy wil kom – NB kinders moet voor die tyd inskryf!

Skenkings vir die projek is altyd welkom! Kontak asb die kantoor by 012 335 0611.

❖ **Daspoort**: **Expo 2019**
Wanneer en waar: ***6 Julie*** by Laerskool Generaal Nicolaas Smit.
Navrae: Kontak Marlene by 083 462 6958

❖ **Brits**: **Dames/Mansoggend - *Droom en floreer saam met Philip en Lurianne Moolman***
Datum: ***6 Julie*** – 09:30 vir 10:00
Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

Ander nuus

❖ **Stabilis**: **Gesubsidieerde behandeling**
Michiel van der Merwe (Direkteur van Stabilis) skryf:
"Neem kennis dat Stabilis die volgende gesubsidieerde behandeling kan aanbied (danksy 'n ooreenkoms wat met DSD aangegaan is vir 2019/2020)

1. **96 binne-pasiënte** (21 dae + familie-sessies en weekliks lewenslange nasorgsessies)
   a) Koste: Eenmalige R2100.00 betaalbaar met opname – alle kostes ingesluit
   b) Kriteria: Pretoria woonadres; geen vaste inkomste/werk; vrywillige opname
   c) Dokumentasie: Beëdigde verklarings rakende bg inligting, ID en assesseringsverslag.
2. **450 buite-pasiëntsessies** (minstens 50 persone, met maksimum 9 sessies per persoon)
   a) Volwassenes wie binne-pasiëntprogram suksesvol voltooi het - gratis.
   b) Minderjariges (onder 18's) - 5 groepsessies, 2 individuele sessies, 3 dwelmtoetse
      i. Koste: gratis – ouers moet skrywe rig om te bevestig dat hul nie kan betaal nie en instem dat kind wel behandeling mag ontvang.

Navrae: Kontak Stabilis vir meer detail – tel 012-333 7702 / epos director@stabilistc.co.za."

❖ **Pen se Volition Centre**: **Werk saam vir herwinning en teen armoede:**
Neels Jackson [lidmaat van Stellastraat] skryf die volgende oor die gemeente se onlangse besoek aan Pen se herwinningsentrum in Sunnyside:

- Dit lewer 'n enorme bydrae tot 'n volhoubare leefwyse op ons planeet deur 'n skakel te wees in die herwinning van materiale soos plastiek, glas, blikkies, karton en papier.
- Dit bestry armoede deur vir talle van die armste mense in Pretoria die geleentheid te skep om 'n inkomste te verdien - en byvoorbeeld nie in misdaad te verval nie. **[Lees hier meer…]**

❖ **Winterhoop 2019**
Raak betrokke by die Winterhoopveldtog.
Die doel is, om daardie in nood, gedurende erge winterstye, op 'n praktiese manier by te staan, sodat hul lewens meer draagliker is.
Besoek http://winterhoop.org/af/raak-betrokke/ vir volledige inligting oor die projek.

❖ **Projek RampUp** – **Werkswinkel**: ***22-26 Julie 2019***
Hoewel persone met gestremdheid gretig is om aktief aan kerklike aktiwiteite deel te neem, word hulle dikwels weens verskeie redes uitgesluit.
Projek RampUp bied 'n werkswinkel aan vir besorgde kerklidmate wat gemotiveerd is om 'n positiewe verskil rakende hierdie uitdaging te maak. **[Lees hier meer...]**

❖ **Nuusbriewe**
Bybel-Media:
Nuusbrief
In die jongste Kerkbode (31 Mei) lees ons oor… *Pen en Mes*; '*n Kerkbode-app: Altyd byderhand* en '*n Data-storie oor hoe die kerk teen 2028 mag lyk*. **[Lees die nuusbrief hier…]**
Nuwe produk

Die Bybelboek-reeks is 'n Bybelstudiereeks van 20 boeke wat onder gelys word. Die studies word in 'n baie toeganklike en lesersvriendelike styl aangebied vir die moderne leser. Die Bybelstudies sluit sinvolle gespreksvrae vir Bybelstudiegroepe en kleingroepe in. Hierdie reeks is spesiaal ontwerp vir groepe, maar kan ook deur individue gebruik word. Dit sal ook geskik wees vir gemeentereekse. **[Lees hier meer…]**
Inligting en navrae: Skakel 0860263342 óf 021-8648210 / e-pos bestel@bmedia.co.za.

CLF: Veeltalige liedboek

CLF het tydens die 25 jaar viering van die VGK die nuwe veeltalige liedboek, "*Sing praises all you people*" bekend gestel. Die liedboek bestaan uit 100 liedere uit verskillende liedboeke en het ten doel om waarde tot die lofsang en aanbidding tydens multi-kulturele kerkdienste te voeg.
Om "Sing praises all you people" te bestel, stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za of bestel dit aanlyn https://clf.co.za/product/sing-praises-all-you-people/

- **Stabilis: Werkswinkel - Workshop for Christian Counsellors, Youth Workers and Volunteers on the Spiritual Support of Children facing Illness, Pain and Suffering**

  [**Besoek http://peprogram.co.za/pep-talks/7-june-2019 vir volledige inligting en registrasie**.]
  Datum: Vrydag ***7 Junie*** (8:00-13:30)
  Waar: Stabilis, Haarhoffstraat-Oos 1229, Môregloed Pretoria.
  VBO punte: 4

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Pinkster.
- Almal wat besig is met eksamen.
- Ons land: Die nuwe kabinet.

Proponente en ander vakatures

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
    Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

  - ★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
    Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
    Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
    Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
    Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
    Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
    Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
  Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
  Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
  Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
  Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
  André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
  Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

Die hoofregter teken die Bybel wat hy aan die nuwe president oorhandig het.

BYLAES

Pen se Volition Centre:
Werk saam vir herwinning en teen armoede:

Neels Jackson [lidmaat wat betrokke is by NG Stellastraat en Pen se herwinningsentrum in Sunnyside] skryf die volgende oor ’n projek wat op twee terreine ’n groot verskil maak.

- Dit lewer ’n enorme bydrae tot ’n volhoubare leefwyse op ons planeet deur ’n skakel te wees in die herwinning van materiale soos plastiek, glas, blikkies, karton en papier.
- Dit bestry armoede deur vir talle van die armste mense in Pretoria die geleentheid te skep om ’n inkomste te verdien - en byvoorbeeld nie in misdaad te verval nie.

Die sentrum, in Vosstraat, Sunnyside, word nou bestuur deur Johan van Niekerk. Dit werk reeds met verskeie gemeentes saam deur teen ’n fooi herwinbare materiaal by gemeentes te gaan oplaai. Ongelukkig is die prys van herwinbare materiaal so laag, dat die Sentrum dit moeilik vind om volhoubaar voort te bestaan.

Daarom vra hulle gemeentes om hulp op die volgende maniere:

- Daar is ’n behoefte aan ’n klein kompakteermasjien wat kan help om bedryfskoste te verlaag. Nuut kos so ’n masjien baie, maar dalk weet iemand van ’n klein kompakteermasjien wat nie gebruik word nie en wat geskenk of teen ’n lae prys aan die sentrum verkoop kan word.
- Die Sentrum sal makliker volhoubaar wees as hy sy volumes kan verhoog. Daarom vra hulle gemeentes in Pretoria wat nog nie herwinning doen nie, om met hulle te skakel om te kyk of hulle kan saamwerk. Die sentrum vra ook gemeentes om lidmate wat in groot meenthuiskomplekse woon, aan te moedig om hul komplekse te vra om met met die sentrum saam te werk wat herwinning betref.

Navrae: Johan Van Niekerk, bestuurder van die sentrum, kan geskakel word by johan@pen.org.za of by 083 375 4935.

Terug

Werkswinkel – Disability Inclusion Facilitators for Churches
Projek RampUp - Vir die insluiting van gestremdes in geloofsgemeenskappe

Hoewel persone met gestremdheid gretig is om aktief aan kerklike aktiwiteite deel te neem, word hulle dikwels weens verskeie redes uitgesluit.

Projek RampUp bied 'n werkswinkel aan vir besorgde kerklidmate wat gemotiveerd is om 'n positiewe verskil rakende hierdie uitdaging te maak.

Ons nooi jou uit om bywoning te oorweeg indien:

- jy ‘n spesifieke belangstelling het in persone met gestremdheid sowel as hulle insluiting in die kerk
- jy self ‘n persoon met gestremdheid is of 'n vriend of familielid van so ‘n persoon
- as jy gemotiveerd is om hierdie saak aan te spreek en in staat is om invloed uit te oefen in jou kerklike kringe
- jy Engels magtig is (die werkswinkel word in Engels aangebied)

Die werkswinkel vind plaas by *Padre Pio Retraite Sentrum*, Elarduspark, Pretoria en daar sal van kursusgangers verwag word om by die sentrum te oornag vir die volle duur van die kursus.

Teken solank die datums in jou dagboek aan: 22–26 Julie 2019, en hou toekomstige nuus dop vir verdere inligting.

Kontak ons by: www.rampup.co.za
Erna Möller [erna@tlm.co.za; 012 345 4915; 082 731 9857]

Terug